22 Mei 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za



Nuwe Nuwe Testament Bybel

- Hierdie is 'n nuwe vertaling van die Nuwe Testament in goeie, verstaanbare, mak-like Afrikaans.
- Geskik vir bybellesers, predikante, bybelstudiegroepe en gesinne.
- Dit is vertaal deur Stephan Joubert & Jan vd Watt wat ook Die Boodskap & Bybel@kinders vertaal het.
- Dit is verdeel in 365 dae wat jou in 'n jaar deur die hele Nuwe Testament sal neem.
- 'n Agtergrondvideo vir elke boek van die nuwe Testament is beskikbaar deur 'n *QR code* in die boek te gebruik.

Baie welkom indien jy vanoggend 'n nuwe intrekker, lidmaat of besoeker by Hoogland is!
Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir MTR Smit)

Program vir die week

Dinsdag: 24 Mei
14:00 Vrouebybelstudie
18:00 50 Jaar - Feesvergadering

Woensdag: 25 Mei
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 26 Mei
GEEN Woord Werkgroep
18:30 HEMELVAARTDIENS

Vrydag: 27 Mei
05:30 Mannebediening in die Grot

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Aanlyn

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | YouTube PE Hoogland

NG Gemeente Lorraine hou
AVONTUURWEEK : 4 - 8 Julie
Inskrywings by
www.avontuurweek.co.za
Navrae : (041) 367 2284

Houtverkope

NG Gemeente Pearston samel geld in deur hout te verkoop teen @ R30/sak.
Bestellings kan geplaas word by Gemeentedienste op 'n Sondag, of by die kerkkantoor.

Plaas jou bestelling op die oranje bestelvorms by die twee hoofdeure of stuur 'n *whatsapp* met jou naam & van en hoeveel sakke na die Hoogland selnommer - 079 815 9325.

JY BETAAL MET AFHAAL. Die kerkkantoor sal jou laat weet wanneer dit hier is!

Hoogland Jubeljaar: #31

HEMELVAART

Dade van omgee

Hierdie week se omgeedaad is 'n daad van Belydenis saam met Hemelvaart. Doen elke dag hierdie belydenis:

"... God het Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."

FILIPPENSE 2:9-11 AFR83

Pinkster 2022

Pinkstertema vir die week:

Ten spyte van ...

Aangebied deur ds Basie Fourie

Sondag, 29 Mei - Donderdag, 2 Junie elke aand om

17:00 by Buffelsfontein Kapel / 18:30 by die Kergebou

Daar sal lekker sop & broodjies wees na afloop van die Pinkster byeenkomste tesame met 'n Boeke-uitstalling in die Voorhuis

OESFEES @ Hoogland Pinkster

Leef hierdie Pinkster jou Geloof deur Liefde tot Dade. Bring enige goeie gebruikte en/of nuwe komberse, wintersbaadjies, serpe en nie bederfbare kos, saam na die oesfees. Verder is enige baba/kinderklere en baba prdodukte (toiletware, formule, kos) ook baie welkom.

Dit kan voor elke byeenkoms op die Liturgiese ruimte geplaas word of ge-durende die dag by die Kerkkantoor afgegee word.

Hoogland wil graag 'n verskil in die gemeenskap om ons maak hierdie winter.

Indien daar dames is wat asseblief kan help sop kook vir die Pinkster byeenkomste, laat weet vir Leandra in die Kerkkantoor!

Hemelvaartdiens

Donderdag, 26 Mei 2022 om 18:30

Deur ds Pieter Nel

Uit die Hart

Geloof deur liefde tot dade…

Tydens my voorbereiding vir verskillende byeenkomste die afgelope week, lees ek die volgende raak: *die maatstaf van liefde, is dade*. Ons weet dit is so. Ek kan hoeveel keer vir my vrou of kinders sê dat ek vir hulle lief is, maar as my optrede teenoor hulle dit nie wys nie, is die belewenis van liefde maar laag. Die ding wat liefde kommunikeer, is my optrede, keuses, dade, tyd, aandag, geduld, aanraking, ens. (en natuurlik om dit met woorde te sê ook!)

Natuurlik is dit ook so in ons wedersydse verhouding met God. Hy wys Sy liefde vir ons nie net in Sy woorde nie, maar deur die grootste doen-ding: Jesus Christus kom aarde toe, sterf aan die kruis, staan op uit die dood en gaan sit aan die regterhand van God. Soos ons oor aanbidding geleer het uit Openbaring, reageer ons bloot op hierdie groot doen-ding van God. My liefde vir God kan dan nie net by lippetaal in musiek en gebed wees nie, want die maatstaf van liefde, is dade. Hoe ek leef, wys my liefde.

Verseker is ons almal se liefdestaal nie dieselfde nie en is ons doen-dinge verskillend. Sommige sal kos gee, ander bemoedig, en nog ander sal in gebed intree. Vir party is hulle liefdestaal diensbaarheid, mentorskap of ondersteuning. Vir almal is deel van die liefdestaal gehoorsaamheid aan die wil van God deur Hom bo alles lief te hê en ons naaste soos onsself.

Die moeilike ding van 'n maatstaf is…wel, dit meet. En wanneer ek iets meet kan ek moontlik sien dat ek te kort leef. Dit is juis waar ek nog te kort leef, dat Jesus se offer aan die kruis my lewe 'n vollengte maak deur ten volle te vergewe.

Hoogland is in haar 50ste bestaansjaar. In hierdie jaar is daar 50 dade van omgee wat ons help met die doen-dinge. Mag God al die lof, aanbidding en ere ontvang in en deur ons lewe.

Geloof deur liefde tot dade…

Ds Pieter